



# NG Kerk: Noordelike Sinode

## Moderatuur (Dagbestuur van die SDR)

**VERSLAG AAN DIE SINODE 2022**

---

### 1. Lede van die Dagbestuur (Moderatuur)

Cronjé, Fanie (addisionele lid)  
Grobler, Paul (direkteur)  
Kirkpatrick, James (assessor)  
Kruger, Johan (saakgelastigde tot 30 April 2022)  
Nel, Attie (aktuaris)  
Rheeder, Rehan (saakgelastigde sedert 1 Mei 2022)  
Ungerer, Dewyk (moderator)  
Van Niekerk, Marinda (addisionele lid)

### 2. Die Moderatuur (Dagbestuur) (Bepaling 33.2)

#### 2.1 Samestelling

33.2.9 Tydens die sinode word 'n moderatuur saamgestel wat uit die volgende lede bestaan:

33.2.9.1 Die moderator, assessor en aktuaris.\*

33.2.9.2 Twee addisionele lede.

33.2.9.3 Die direkteur van die Noordelike Sinode wat ampshalwe as skriba optree.

33.2.9.4 Adviserend: Die saakgelastigde van die sinode.

33.2.10 Nominasies word gedoen op 'n nominasievorm wat deur die uittredende moderatuur voorberei is en waarop die vereistes vir elke pos uiteengesit is. Voordat die groslys gefinaliseer kan word, moet elke genomineerde met sy handtekening aandui dat hy/sy die nominasie en vereistes aanvaar.

33.2.10.1 Vir die pos van aktuaris kan die uittredende moderatuur minstens drie name van kandidate wat as geskik vir die pos beskou word, voorlê.

33.2.10.2 Geen persoon mag by meer as twee gewone vergaderings van die sinode vir dieselfde pos verkies word nie.

\* **Sien aanbeveling by 3.3**

#### 2.2 Opdrag (Bepaling 35.2)

35.2.1 Die moderatuur word tydens die sinode verkies (vgl. Bep. 33.2.9)

35.2.2 Die moderatuur tree op as dagbestuur van die SDR en hanteer

35.2.2.1 sake wat deur die sinode of Sinodale Diensraad (SDR) aan hom opgedra is;

35.2.2.2 dag-tot-dag bestuursake;

35.2.2.3 die koördinering van die uitvoering van die diensterreine soos bepaal deur die sinode en die aanwysing van taakspanleiers;

35.2.2.4 die benoeming van afgevaardigdes om by bepaalde geleenthede die groete / gelukwensing / meegevoel van die sinode oor te dra;

35.2.2.6 die opstel van 'n skema van werksaamhede vir die volgende sinode.

## **2.3 Vergaderings**

Daar is 51 vergaderings gehou sedert 2017. Twee van hierdie vergaderings het plaasgevind na die laaste vergadering van die SDR vir die termyn.

## **3. Aanbevelings wat nie by die SDR gedien het nie**

### **3.1 Kerkverband en volhoubare gemeentebediening**

**3.1.1** In die lig van die toenemende bedieningsnood van gemeentes kom ons met mekaar ooreen dat gemeentes wat 'n surplus het volgens hulle geouditeerde state, tussen drie en ses persent daarvan aan die bedieningsfonds gee.

### **3.2 Kontinuiteit**

Die Sinode besluit om in die lig van die hoë premie op kontinuiteit, afgevaardigdes wat nie vir 'n volle termyn van vier jaar beskikbaar is nie, ernstig te versoek om hulleself nie beskikbaar te stel om as leiers (moderatuur, SDR) verkies te word nie.

### **3.3 Aktuaris**

Die Sinode besluit om:

**3.3.1** Nie 'n aktuaris tydens die sinodesitting te verkies nie, maar die SDR te versoek om op aanbeveling van die moderatuur, by die eerste SDR-vergadering 'n aktuaris aan te wys;

**3.3.2** die moderatuur te versoek om vir die interimtyd reëlings te tref dat alle kerkordelike sake hanteer word.

### **3.4 Beskrywingspunte**

Daar is drie beskrywingspunte ontvang. Al drie is tegnies ontvanklik. Die moderatuur besluit om soos volg aan te beveel:

**3.4.1** Dat die beskrywingspunt van die Ring van Louis Trichardt tydens die vergadering hanteer word;

**3.4.2** dat die beskrywingspunte van die Gemeente Pretoria asook die van Willem Pretorius (snr) na die nuwe SDR verwys word vir verdere hantering.

## **4. Sinodesitting 16 tot 20 Oktober 2022**

Die moderatuur tree as ontwerpspan op vir die sinodesitting. Daar sal in die werksagenda by die sitting verslag gedoen word.